

Sing vooraf staande: Psalm 138:1 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁱⁿ psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:9 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Geloofsbelijdenis: Apostolicum

Na die wet bely ons ons versoening met Psalm 31:17 (p. 147).

Wet

Psalm 31:17 (p. 147)

- 17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Gebed

- *Doksologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

Psalm 84:2 (p. 424)

- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Skriflesing: Job 42

Teks: Job 42:5

Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.
(Job 42:5 AFR1953)

Maar nou het my oog gesien! Ons glo mos net wat ons sien.

- Daarom maak dit die geloof soms so moeilik. Ons kan die Here Jesus Christus nie meer sien
nie, want Hy is nie hier nie. Hy het weggegaan!
- Daarmee saam het daar vir baie mense die waarborg van die geloof verdwyn.

Maar fisiese en liggaamlike sien, is nie die enigste manier van sien nie.

- Daar is ook 'n geestelike manier van sien.
- Dis naamlik om iets op so 'n wyse te ervaar dat jy dit aanvaar en glo. Dis wat Dawid ervaar
het toe hy uitgeroep het in Psalm 27:13:

O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie ... (Psalm 27:13 AFR1953)

Hoe sien ons die Here se goedheid? Deur te let op hoeveel genade ons van Hom ontvang.

In die begin van die boek lees ons dat die satan in die hemel voor God gestaan het.

- Hy het na die Here toe gegaan en 'n geweldige swaar klag teen Job gaan lê.
- Hy het teenoor die Here beweer dat Job die Here net met sy uiterlike dien, maar dat sy werklike godsdiens diep in sy hart baie te wense oorlaat.

Sy klag was dat Job God net dien omdat Job ryk was.

- God het aan Job baie besittings gegee en dis nou maar net waarom hy die Here dien en niks meer nie.
- Die satan was daarvan oortuig dat Job in sy hart nie so sterk vir God gevoel het as wat hy vir die mense wou voorgee nie.

Toe het God toestemming gegee dat die satan Job mag toets.

- Die Here het geweet dat as Hy Job aan die satan uitlewer, Job se regverdigheid bo alle twyfel bevestig sou word.
- Die Here was nie bekommerd daaroor dat Job sy geloof sou verloor nie.

Die satan moes maar self ervaar dat 'n ware gelowige nie op sienlike dinge alleen aangewys is vir sy geloof nie.

- Die satan moes ook self agterkom dat moeite en verdriet die kinders van die Here net dieper in God se arms indryf.

Die een beproewing na die ander het oor Job gekom.

- Job het die antwoord vir alles wat met hom gebeur in die sienlike en hoorbare dinge gesoek.
- Hy was gewoon dat God met hom praat en daarom het Job in sy ellendes na God gesoek – maar God het niks van Hom laat hoor nie.

Job het egter regdeur een sterk punt gehad.

- Hy het geglo dat sy saligheid nie net van die sienlike dinge afhang nie.
- Hy het geglo dat hy onskuldig is en dat God aan hom sal laat reg geskied.

Maar hierdie stryd het Job verder laat sien.

- Hy het gesien dat hy 'n middelaar nodig het.
- Want hy het verstaan dat daar 'n middelaar nodig is tussen ons en God.

Kyk wat het veroorsaak dat hy hierdie insig gekry het!

- Hy het aan sy lyf gevoel dat 'n mens nie God se toorn kan dra en bly lewe nie.
- Hy het nie eers God se toorn gedra nie – hy het maar net die beproewing van die satan gedra.
- Maar hy kon geen antwoord van God af kry nie, en dit was al verskriklik.

Daarom sal dit soveel erger wees as ons met die oordeel van God te doen kry.

In hoofstuk 9:33 sê hy dan ook vir God:

Daar is geen skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê nie!
(Job 9:33 AFR1953)

Job kan nie verstaan waarom 'n mens moet ly nie. Hy kon ook nie mooi die onderskeid uitmaak tussen

- die oordeel van God en
- die kwaad wat deur die satan bewerk word nie.

Later, dan antwoord die Here Job in die stormwind – en dan het Job die oplossing.

- Meteens word dit vir hom duidelik dat alles gaan om die heerlijkheid van God.
- Dit is die majesteit van God wat alles oor hom bring.
- Hy besef toe ook dat God so magtig is dat Hy aan geen mens verantwoording doen vir sy dade nie.

Dis dieselfde posisie waarin ons voor God staan.

- Baie keer is ons verward omdat ons baie dinge in die lewe nie kan verstaan nie.
- Daarby staan ons voor God met 'n stywe sondeskuldrekening.
- Wat gaan van ons word?

God kom Job in sy sondes en in sy vertwyfeling te hulp.

- God gee aan hom genade sodat hy dwarsdeur sy ellendes kan kyk.
- God gee aan hom genade sodat hy God daaragter kan raaksien.

In hoofstuk 39:37 breek die lig vir hom deur as hy besef hoe klein hy is voor God. Hy sê:

Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond!
(Job 39:37 AFR1953)

Nou het sy oog God gesien (42:5).

Toe hy verstaan dat hy God sien, vra hy vir 'n middelaar wat sy sondes by God kan dra.

- Hy smee God en dan sê hy:
Gee tog 'n pand, staan borg vir my by U. Wie anders kan aan my borgskap verleen?
(Job 42:5 AFR1953)
- Daarby sê hy ook nog dat hy alles herroep, en in stof en as lê (42:6).

Dis hoe dit gebeur dat Job hier die grootheid van God bely.

- Hy roep dit uit:
Ek weet dat U alles kan doen en geen plan is vir U onuitvoerbaar nie.
(Job 42:2 AFR1953)
- Die hoogtepunt van hierdie belydenis is vers 5:
... maar nou het my oog U gesien. (Job 42:5 AFR1953)
- Hy het gesien dat daar by God redding is.

Job lewe in die Ou Testament.

- Daarom vra hy 'n middelaar om sy sondes met God te versoen en om die toorn van God van hom af weg te neem.
- Ons het baie meer as Job, want ons ken hierdie Middelaar.
 - Hy het vir 'n tyd lank as mens op ons aarde geleef.
 - Hy is gesien deur baie mense.
 - Die punt is net: Ons het baie meer rede as Job om te sê: waarlik nou het my oog gesien!

Job was 'n tipe van ons Here Jesus Christus in sy lyde.

- Job was soos wat die Here Jesus aan die kruis was: heeltmal van God verlaat.
- Job kon toe nie die mas alleen opkom nie.
- Dis waarom hy vir 'n middelaar bid om die verlossing vir hom te kom doen.

Die Here Jesus se Godverlatenheid was baie erger as Job s'n.

- Job se lewe is nie in gevaar nie, want die Here het juis die voorbehoud gehad dat die satan nie sy lewe kon neem nie.
- Maar wanneer die Here Jesus weet dat dit die tyd is dat Hy moet sterf, dan is Hy van God verlaat.
- Hy roep dit uit in daardie oomblikke:

My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:46; Markus 15:34 AFR1953)

Daar was niks om te sien nie.

- Geen hulp was sigbaar nie.
- Dit word selfs donker helder oordag.

Met Job was dit totaal anders – hy kry iemand om in sy plek te stry.

- Die Here het die duiwel die heel tyd onder sy vinger! Die duiwel word beperk in al sy kwaad – en uiteindelik verwyder die Here hom en seën Job dubbeld!

Die Here Jesus het nie so een nie.

- Hy moes alleen sy lyding as sondestraf vir ons sondes dra!
- En daarmee saam moes hy die aanvalle van die duiwel – wat gedink het dat hy die Here Jesus nou gaan doodmaak – verduur. Hy moes alleen deur hierdie dinge veg en as Oorwinnaar anderkant uitkom!

Dit wat Job geestelik gesien het, dit het ons werklik gesien.

- Ons oog het dit aanskou – soveel getuies het dit opgeteken omdat hulleself namens ons daar was en al hierdie dinge gesien gebeur het!
- Ons herdenk die geskiedenis daarvan weer vandag.

Die eerste Christene het Hom gesien nadat Hy opgestaan het.

- Hulle is getuies dat Hy nie in die graf gebly het nie!

Maar ons sien Hom ook. Ons vier dikwels die heilige Nagmaal.

- Ons sien en eet brood, en drink wyn – maar ons moet daarby verbykyk!
- Ons sien die tekens wat ingestel is sodat ons kan glo waar ons oog nie letterlik meer kan sien nie.
- Die tekens laat ons die kruisiging en die opstanding uit die dood sien. Natuurlik ook die hemelvaart en troonsbestyging van die Here Jesus – en hoe ons oorwinning en ewige opstanding daaruit voortkom. So word ons deel van die ewigheid.

Ons moet ook soos Job sê:

Daarom herroep ek en het berou in stof en as. (Job 42:6 AFR1953)

Dit beteken:

- Here, ek bekeer my van die kwaad wat ek tot nou toe gedoen het.
- Ek laat die verkeerde dinge agter, want U het my wedergebore laat word.
- Ek sien nou dinge wat ek eers nie gesien het nie!
 - Ek sien nou die geweldige smarte wat U vir almal wat uitverkies is, moes dra,
 - maar ek sien ook presies hoeveel daarvan deur my veroorsaak is.

Verder sien ek hoe die Here Jesus vir my ook uit die dood opstaan sodat ek ook eendag voor die troon van God kan staan. En sien dat ek die ewige lewe het deur Jesus Christus.

Geliefdes, onthou om altyd in u geestesoog die Here te sien wat opgestaan het.

- En sien uself dan eendag voor Hom staan.
- Nie tot veroordeling en verdoemenis nie.
- Nee, vir ons wat glo, het Hy juis opgestaan sodat ons daardie dag vrygespreek kan word.

Kom gebruik Nagmaal en luister dat dit presies dit is wat Hy vir u vertel!

Amen.

Slotgebed

Gebed

Psalm 98:3 (p. 489)

- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Formulier

Psalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116
Psalm 118

Slotpsalm 136:1, 2 (p. 660)

- 1 Loof die HEER met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 2 Loof die hoogste God en HEER, / wat alle aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Nagmaal Februarie 2011